higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4

13 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Hierdie is slegs 'n riglyn. Enige aanvaarbare antwoord wat die korrekte inligting soos in die bylae bevat, is korrek.

- LET WEL: As die punt vir die inhoud van 'n antwoord minder is as die helfte van die aangeduide punt, word die punt vir die taal gehalveer.
- 'n Reël moet oopgelaat word tussen paragrawe, voor die datum, binneadres, aanhef en inhoudsopskrif, asook voor die afsluiting (Die uwe) – dit word nie aangedui nie. Indien nie, is dit minus 1 vir die uitleg.
- Taal, spelling en styl word gepenaliseer met 'n HALFPUNT per fout. Antwoorde word negatief nagesien.
- Uitleg -1 punt per fout of weglating

VRAAG 1: PRÉCIS

OPSKRIF

- Vervaardiger van 'nievlambare tabaktegnologie' ontdek skuiwergat vir sonde-belasting en binnenshuise rook.✓
- Philip Morris International (PMI), vervaardigers van onder meer Marlboro en Chesterfield, verkoop nou ook rookvrye sigarette in SA.✓
- Toestel IQOS maak klein tabakstokkies warm sonder vlamme en ontbranding.
- Bevat tradisionele tabak wat onderworpe is aan tabakwetgewing, soos verbod op advertensies.
- Neetesh Ramjee, direkteur van korporatiewe sake, in onderhoud met *Rapport*: twee skuiwergate.✓
- In Wet op die Beheer van Tabakprodukte vereis die definisie van 'rook' ontvlamming. Kougom en snuifprodukte is egter toelaatbaar: IQOS kan dus binnenshuis gebruik word.✓
- Nie onderhewig aan aksynsbelasting nie.✓
- Aksynsbelasting is tans R14,30 per pakkie; 52% van rookprys.✓
- Toestel word nie belas nie.✓
- Wanneer wel belas; oorreed regering om laer belasting te hef.✓
- Gesondheidsvoordele ten opsigte van tradisionele produkte.✓

LET WEL: Bogenoemde is slegs riglyne en insette van studente is ook korrek indien dit binne konteks is.

INHOUD	UITLEG	TAAL/SPELLING/STYL
10	5	5

[20]

VRAAG 2: TELEFOONBOODSKAP

Ken punte slegs tot by 100 woorde toe.

LET WEL: Laat speling van VYF woorde toe.
Volsinne
Slegs een paragraaf

TELEFOONBOODSKAP	
AAN: Enige naam✓	VAN: Pieter Potgieter✓
DATUM: 3 April 2019✓	FIRMA: FIKS✓
TYD: enige✓	TEL: Enige (kantoorure)✓
Het geskakel✓ Skakel terug✓	Sal weer skakel Verlang 'n afspraak
BOODSKAP: Hy het geskakel.✓ Sal jy bereid wees om op hul marathondag een gesondheidsdrankie per deelnemer te borg?✓ Datum is 15 Julie.✓ Kontak hom asseblief en bevestig of dit reg is.✓ BOODSKAP GENEEM DEUR: Anet Nel✓	

INHOUD	TAAL/SPELLING/STYL
10	-1 per fout van inhoud

[10]

VRAAG 3: KLAGTEBRIEF

EKSKLUSIEF GESOND∗

Tel: Enige toepaslike∗
Faks: Enige toepaslike ∗

Adres: Enige toepaslike ∗
PAROW∗
Kode: Enige∗

Datum voluit geskryf∗ná 3 APPRIL 2019

Jan Brand ∗
Hoof van Bestellings∗
∗
Adres ∗
PAROW
Kode∗

Geagte Mnr Brand∗
Reël oop ∗

KLAGTE: ONAANVAARBARE DIENS∗

Ons maatskappy doen al die afgelope tien jaar sake met jou maatskappy en ons kon nog altyd staatmaak op goeie en flinke diens. Julle lewer gewoonlik binne 'n week af. Ongelukkig het daar nou iets gebeur wat ons teleurgestel het in julle diens.✓✓

Ses weke gelede het ek 'n bestelling van 2 000 blikkes gesondheidsdrankies by jou geplaas. Jou aflewerings is altyd betyds. Ek is belowe dat dit weer die geval sal wees✓ aangesien julle genoegsame voorraad het.✓ Ek het die drankies nodig vir *Fiks* se marathondag wat op 15 Julie plaasvind.✓ Die klant is baie ontsteld aangesien hy uitsluitlik op my borgskap staatmaak.✓

Ek verneem graag wat die plan van aksie is en verwag om spoedig van jou te hoor.✓

Ek is seker dat julle 'n oplossing kan voorstel. Wees asseblief verseker van ons volgehoue ondersteuning.✓ Welwillendheidslot

Die Uwe

Teken ∗

NAAM∗

AMPSHOEDANIGHEID∗

INHOUD	TAAL/SPELLING/STYL	UITLEG
8	4	8

[20]

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

EKSKLUSIEF GESOND∗

ONDERSOEKVERSLAG NA BELANGSTELLING IN 'N EENDAGSEMINAAR VIR DIE BEWUSMAKING VAN DIE GESONDHEIDSGEVARE VAN ROOK∗

1. OPDRAG EN DOEL∗

'n Versoek is ontvang van die stigter van 'n plaaslike organisasie, *Rookvry*,✓ om 'n eendagseminaar aan te bied waartydens mense weer eens bewus gemaak word van die gesondheidsgevare van rook. Dit vind op Saterdag, 9 Augustus, plaas by Bastion Laerskool in Brackenfell se skoolsaal.
Die doel✓ is om uit te vind hoeveel belangstelling daar is by die plaaslike munisipaliteit, rolspelers in soortgelyke antirook-organisasies, maatskappye asook die publiek.✓

2. ONDERSOEKMETODES∗

2.1 Vraelys aan die publiek✓
2.2 Vraelys aan rolspelers in soortgelyke antirook-organisasies.✓
2.3 Onderhoude met die munisipale bestuur van Parow.✓
2.4 Onderhoud met die voorsitter van die plaaslike organisasie *Rookvry,* asook die plaaslike toerismeburo.✓

3. BEVINDINGE∗ enige toepaslike

3.1 XX% van die antirook-organisasies stel belang in die aanbieding van so 'n seminaar.✓
3.2 XX% van die publiek stel belang.✓
3.3 Die onderhoud met die voorsitter van die plaaslike munisipaliteit het aan die lig gebring dat hulle baie opgewonde is oor die vooruitsig van so 'n seminaar, aangesien die publiek sodoende ook weer bewus gemaak word van die gevare en onkoste verbonde aan rook.✓

4. GEVOLGTREKKING∗ enige toepaslike

'n Oorweldigende meerderheid van lede en ander rolspelers is geesdriftig oor die vooruitsig van so 'n seminaar. Dit sal die hoë koste verbonde aan rook en die gesondheidsgevare wat dit inhou onder die aandag bring✓✓✓

5. AANBEVELINGS∗

5.1 Gaan voort met reëlings vir seminaar op 9 Augustus.✓
5.2 Advertensies in plaaslike koerante en by munisipale geboue ✓
5.3 Bedank alle betrokke partye vir hulle samewerking.✓

NAAM✓

INHOUD	TAAL/SPELLING/STYL	UITLEG
15	10	5

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: OMSENDBRIEF

Adres (enige)∗

TEL: (enige) ∗ Adres (enige) ∗
DORP ∗∗
Kode ∗

Datum: (nie later as 30 Junie 2019 nie) ∗

Beste ..... ∗

EENDAGSEMINAAR OOR DIE GESONDHEIDSGEVARE WAT ROOK INHOU∗

'n Wonderlike geleentheid om te luister na die redakteur van *Leef*, me Natasha Booysen, se lesing oor: '*Hoe om die rookgewoonte te laat staan*' en 'n plaaslike algemene praktisyn, dr Leonard Smit, se lesing oor 'Die gesondheidsgevare van rook'✓✓
Dit vind plaas in die skoolsaal van die Bastion Laerskool, Brackenfell.✓

Dit duur vanaf 09:00 tot 13:00✓ Die lesings duur van 9:00 tot 12:00.
'n Vingerete word tussen 12:00 en 13:00 bedien.✓
Registrasie vind plaas vanaf 08:00. Die tarief is R100 per persoon.✓

Die opbrengs word aan 'n landwye antirookveldtog geskenk.✓✓✓✓ (enige sinvolle ander)

Welwillendheid.✓ Byvoorbeeld: Ons sien uit na u teenwoordigheid – enige toepaslike

Die Uwe/semiformele slot∗

TEKEN ∗

NAAM∗

AMPSHOEDANIGHEID∗

INHOUD	TAAL/SPELLING/STYL ABBA-BEGINSEL	UITLEG
11	4	5

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou